



## NASKOOLSENTRUMREËLS

### ALGEMEEN

- 1 Dit is die **kind se verantwoordelikheid** om direk na skool by die Sentrum te kom **aanmeld**. Gr 1's word die eerste paar dae gehaal by die skool.
- 2 Indien die kind nie inteken nie, word hy **afwesig** gemerk. **Hy moet kom sê as hy terugkom van buitemuurs** sodat ons hom/haar kan inteken.
- 3 Dit is die **ouer se verantwoordelikheid om die kind uit te teken** in die register. Indien dit 'n probleem is kan u by mnr Human vrystelling vra om nie u kind uit te teken nie.
- 4 Geen leerling mag die sentrum **sonder toestemming** verlaat nie. Ons het 'n dame wat die kontrole by die hek by die rugbyveld doen.
- 5 'n **Rooster** vir bywoning van **aktiwiteite** moet deur die ouer/voog aan die Sentrum voorsien word. (Aktiwiteit/dag/tyd) Op skrif, geen SMS of whatsapp sal aanvaar word nie.
- 6 **Geen vandalisme** word toegelaat nie. Die sentrum se eiendom moet gerespekteer word. **Herstelkoste** van enige skade wat deur 'n leerling aangerig is sal van die **ouers verhaal** word.
- 7 Dit is die **ouer/voog** se verantwoordelikheid om die Sentrum in kennis te stel indien u kind **afwesig** is.
- 8 Alle **persoonlike besittings moet duidelik gemerk** word. Die Sentrum kan nie verantwoordelik gehou word vir persoonlike besittings wat wegraak nie, dit sluit selfone in. Ons pas u kinders na die beste van ons vermoë op, hulle moet self hulle persoonlike goed oppas.
- 9 **16h30** kom alle leerlinge en personeel na die **voorkant van die huis** om dit vir die ouers te vergemaklik wanneer die kinders afgehaal word.
- 10 **Boetes** sal gehef word vir kinders wat na **17h30 afgehaal** word. R40 per tien minute of gedeelte daarvan per kind. Indien 'n kind drie keer laat afgehaal word, moet die ouers eers met die skoolhoof die saak bespreek alvorens u kind weer tot die Naskool toegelaat sal word.

### STUDIEKLAS

- 1 **Bywoning van studieklass is verpligtend**. Wanneer 'n kind klaar is moet hy/sy asseblief nie die ander uit hulle werk hou nie, en vra ons vriendelik dat hulle dan die klas verlaat sodat die ander ook kan klaar maak.
- 2 **Geen verversings** mag in die studielokale ingeneem word nie.
- 3 **Wanordelike gedrag** wat lei tot die ontwrigting van 'n **studieklass sal nie toegelaat word nie**.

- 4 Die leerder wat hom nie in studieklas kan gedra nie sal gevra word om die studieklas te verlaat. Geen verantwoordelikheid word dan vir die doen van huiswerk geneem nie.
- 5 Leerlinge moet **alle skryfbehoeftes** wat benodig word om huiswerk te doen **self voorsien**. Huiswerk kan nie gedoen word indien die kind nie die nodige skryfbehoeftes of boeke het nie. Ons versoek 'n gemerkte bak met - HB potlood/skerpmaker/uitdraaikryte/gom/skêr – vir gr 1 – 3 wat dan by die Naskool bly.
- 6 Ons **verwag samewerking** aangesien ons beperkte tyd het en almal wil graag hulle huiswerk klaar kry.
- 7 **Geen selfoongebruik** in die studieklas nie.
- 8 **Geen agterstallige huiswerk sal in die klas gedoen word nie, indien u kind siek was of vir 'n rede nie by die Naskool was nie, moet die huiswerk tuis gedoen word.**
- 9 Ons doen net die huiswerk in die huiswerkboekie.
- 10 Ons doen GEEN kumon of enige ander vorm van ekstra huiswerk nie.
- 11 Ons doen NIE Vrydae ekstra werk nie. Daar is geen vorm van studie op 'n Vrydag nie, tensy van die groter kinders op hulle eie wil werk.
- 12 Studieklas is vanaf 14h15 – 16h30.

### **SPEELTERREIN**

**Geen gevaarlike speelgoed**, 'BB guns" krieketballe/kolwe, skerp voorwerpe, stokke, klippe, messe, vuurhoutjies ens. word op die terrein toegelaat nie.

- 1 **Geen boomklimmery.**
- 2 **Geen rommelstrooiery** nie.
- 3 **Geen spelery in en by die badkamers** nie.
- 4 **Geen kru taal** sal geduld word nie.
- 5 **Groter leerlinge** mag nie met **kleiner kinders inmeng** of met hulle speel nie.
- 6 **Geen bakleiery** tussen leerlinge sal toegelaat word nie. Leerlinge mag nie aan mekaar slaan, stamp, skop, seermaak of boelie nie.
- 7 **Geen** voorwerp word **gegooi** of **geskop** nie. Balle, stokke, klippe ens.

### **DIE VOLGENDE WORD TOEGEPAS INDIEN KINDERS HULLE AAN BOGENOEMDE GEDRAG SKULDIG MAAK:**

**2 Kolle in register – gesprek met ouer**

**3 kolle in register – plek in Naskool word vir 'n maand opgeskort.**

**Enige wangedrag daarna word plek permanent verbeur.**

Hertoelating vir die daaropvolgende jaar sal afhang van die leerling se gedragsrekord.

### ERNSTIGE OORTREDINGS:

#### Oortreding van die volgende kan lei tot onmiddellike skorsing:

1. Enige optrede wat die veiligheid van ander in gevaar stel of inbreuk maak op die regte van ander
2. Besit van, dreigement met, of gebruik van 'n gevaarlike wapen
3. Besit of gebruik of verhandeling van dwelmmiddels, ongemagtigde medisyne, alkohol, of enige ander gevaarlike middel of sigbare tekens daarvan
4. Aanranding
5. Onsedelike optrede
6. Skadelike graffiti, haatspraak, seksisme of rassisme
7. Diefstal
8. Krap in ander se tasse
9. Disrespek, aanstootlike gedrag of onaanvaarbare taalgebruik teenoor personeel
10. Enige ander optrede wat na die oordeel van die Beheerliggaam die regte van die skool, Naskool, Beheerliggaam, 'n leerder of onderwyser op 'n erstige wyse aantas

### **KOMBUISREËLS**

- 1 Voedselvoorbereiding in die Sentrum se kombuis word slegs deur 'n personeelid of die bediendes op diens gedoen.
- 2 Leerlinge moet hul **eie bakkies en lepels** voorsien waarin bv. sop of noedels gemaak kan word.
- 3 Sap word op 'n bepaalde tyd bedien. **Geen drinkgoed sal buite tye bedien word nie.**
- 4 **Mikrogolf is beskikbaar indien kinders kos wil warm maak .**
- 5 Die kinders wat kos bestel, se kos sal aan hulle gegee word in die kombuis.